

Abstract

On paradigms and progression in theology

*An important book, *Paradigms and progress in theology*, appeared in 1988. It contains contributions by some well-known South African scholars on paradigms and progress in theology. This book also reflects some important trends in South African theology. To illustrate this point the "paradigms" and "progress" in the study of the New Testament have been investigated. One of the main problems of South African Biblical scholarship concerns the historical understanding of the Bible. It has been approached from many angles and many answers have been proffered. The article concludes with a few guidelines for further theological discussion.*

Bogenoemde is aan 'n boek<sup>1</sup> met dieselfde titel ontleen: *Paradigms and progress in theology* (hierna genoem: *Paradigms*). Hierdie werk bevat kongresreterate wat in 1988 gelewer is. By die geleentheid het teoloë en filosowe oor paradigma en progressie in die teologiese wetenskap gesels. Nege-en-twintig geleerdes het deelgeneem, en hulle bydraes is in hierdie werk saamgebundel. Onderstaande is 'n kort bespreking van die boek. Uiteraard is dit nie moontlik om al die artikels te bespreek nie en word net op sommige gefokus. Verder word dit ook vanuit die (verengde) perspektief van 'n Bybelwetenskaplike bekyk en word eintlik net op een vakgebied (Nuwe Testament) gefokus.

A Algemene opmerkings

*Paradigms* is die resultaat van 'n teologiese kongres wat deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) aangebied is. Dít kan op 'n belangrike toekomstige ontwikkeling dui: nie-kerklike en nie-teologiese instellings

besin ook oor die aard en taak van die teologiese wetenskap. Tans word die ses teologiese vakke in verskillende werkgemeenskappe georganiseer. Jaarliks vergader hulle by 'n universiteit en is gewoonlik die gaste van die plaaslike teologiese fakulteit. Met verloop van jare het die werkgemeenskappe baie gespesialiseer geword en is belangrike werk gelewer (veral in die Bybelwetenskappe). Lidmaatskap is aan hoë vereistes onderhewig en is dus nie vir almal so toeganklik nie. Alhoewel hierdie werkswyse hoë gehalte werk verseker, kan die RGN-kongresse op ten minste twee maniere tot die teologiese gesprek bydra. Enersyds kan dit mense oor 'n wyer spektrum bymekaar uitbring en andersyds kan dit die verskillende vakkdisiplines dwing om na mekaar te luister.

*Paradigms* verleen belangrike insig in die soort vrae waarmee Suid-Afrikaanse teoloë hulle gedurende die laaste deel van hierdie eeu besighou. Deur middel van *Paradigms* verkry die leser 'n blik op die Suid-Afrikaanse teologiese toneel en die geweldige progressie (in die sin van "vordering") wat veral die afgelope twee dekades plaasgevind het. Gedurende hierdie tyd het die teologiese bedryf 'n oper onderneming geword en is die algemene teologiese perspektief geweldig verruim. Hiervan gee *Paradigms* dan ook blyke.

In aansluiting by die voorafgaande, belig *Paradigms* veral die metodologiese fyngevoeligheid en filosofiese bewustheid wat onder Suid-Afrikaanse teoloë (veral Bybelwetenskaplikes) heers. Teoretiese besinning is inderdaad geen nuutjie nie, want dié soort interesse is lank reeds onder Ou- en Nuwe-Testamentici aanwesig. Met verloop van jare het hierdie gesprek in diepte toegeneem en is gepoog om nog helderder en suiwerder oor teorie en metode te praat, en om nog duideliker die ontwikkelinge in die vak te beskryf. *Paradigms* weerspieël nie net iets hiervan nie, maar moet ook as deel van die voortgaande gesprek gelees word.

## B 'n Greep uit die geskiedenis van die Nuwe-Testamentiese wetenskap in Suid-Afrika

Nie al die teologiese vakrigtings word in die boek verteenwoordig nie. Nuwe-Testamentici is die grootste enkele groep wat tot hierdie werk bygedrae het. Hierdie feit is belangrik. Ek weet van geen ander teologiese werkgemeenskap in Suid-Afrika wat as 'n groep so konsekwent en diepgaande sekere basiese vrae deurvors en deurdink het nie. 'n Bepaalde paradigma is gekonstrueer en belangrike vordering is mettergaan gemaak. *Paradigms* vertoon

dan ook enkele van die spore waarop hierdie groep die afgelope twee dekades gewandel het. Hierdie opmerkings is hoegenaamd nie bedoel om enige ander vakgebied of teoloog te verkleineer nie. Inteendeel! Uiters belangrike werk is in die ander vakgebiede gedoen en hiervan getuig *Paradigms* ook. Ek verwys hier na die Nuwe-Testamentici as 'n groep en die bydrae wat hulle as 'n groep gemaak het.

Soos reeds gesê, moet die bydraes van Nuwe-Testamentici in *Paradigms* as deel van 'n belangrike beweging gesien word. Anders gestel: in *Paradigms* kry ons die spitse (afsonderlike artikels) van 'n heelwat groter ysberg (die arbeid van die Nuwe-Testamentiese "establishment"). Hierdie beweging het sy "oorsprong" in 'n belangrike gebeurtenis twintig jaar gelede gehad. Op 3 Maart 1971 het die Transvaalse lede van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap by Unisa in die senaatsaal van die Visagiestraatgebou byeengekóm. Die waarde van hierdie byeenkoms was onskatbaar. Iets het daar plaasgevind wat bepalend vir die gang van die Nuwe-Testamentiese wetenskap in Suid-Afrika was. Willem Vorster het 'n lesing gelewer waarin hy gepleit het dat Nuwe-Testamentici die moderne linguistiek met erns moes bejeën.<sup>2</sup> Sy lesing het baie sterk aansluiting gevind by die belangrike werk van Jannie Louw. Soos 'n sneller wat afgetrek word en 'n hele beweging teweegbring, was dit ook met hierdie lesing gesteld. Hierin word reeds 'n benadering tot die Nuwe Testament (algehele konsentrasie op finale teks en 'n afwysing van eensydige historiese gerigtheid) asook uitdrukkinge (diakronie en sinkronie, transformasionele generatiewe grammatika, struktuuranalise) gevind wat bepalend vir die Nuwe-Testamentici van die volgende twee dekades sou wees. Vorster se lesing het 'n groep Nuwe-Testamentici in beweging gebring wat gesamentlik en afsonderlik tot die vestiging van 'n spesifieke benadering tot die Nuwe Testament verantwoordelik was en wat ook mettertyd die status van "normale wetenskap" (in Kuhnianse sin) verkry het.

Dit is boeiend interessant om die ontwikkelinge vanaf daardie dag in Maart 1971 tot by die vorming van 'n "normale" Nuwe-Testamentiese "wetenskap" na te gaan: 'n groepie Nuwe Testamentici het deur middel van kampe, kleiner vergaderings, asook die gewone byeenkomste van die Nuwe-Testamentiese werkgemeenskap, hierdie metode konsekwent en intensief deurdink en verinnerlik; later is dit met groot akkuraatheid toegepas en aan hulle studente oorgedra. In die hele proses het Vorster en ook Louw 'n baie belangrike rol vervul deur die metode dikwels te verduidelik en op die voorpunt van ontwikkelinge in die vakgebied te bly.

## C Paradigmas en progressie

Sedert die middel van hierdie dekade het Suid-Afrikaanse Bybelwetenskaplikes baie bewus van paradigmas en progressie in die wetenskap geword. Dit is te danke aan die werk van Van Huyssteen<sup>3</sup> wat die Kuhnianse model vir ons toeganklik gemaak het. Vele is daardeur in staat gestel om die ontwikkeling in die Ou- en Nuwe-Testamentiese wetenskap te verstaan en ook te beskryf. Dit is daarom ook begryplik waarom hierdie kongres-referate *Paradigms and progress in theology* genoem is.

Opvallend is egter die verskeidenheid maniere waarop "paradigmas" en "progressie" aangewend word. Verder word die talle probleme verbonde aan die Kuhnianse model nie verdiskonteer nie. Daar is tog heelwat meer aan hierdie filosofie as wat in *Paradigms* verneem word.<sup>4</sup> Miskien maak dit nie soveel saak nie: die belangrike is dat hierdie model die Suid-Afrikaanse teologie ten goede gestrek het. Dit word, veral in die bydraes van drie Nuwe-Testamentici (Vorster, Lategan en Van Aarde) weerspieël. Hulle gebruik van die Kuhnianse model is baie verhelderend. Hoofsaaklik het dit 'n verduidelikende funksie: dit verduidelik en beskryf ontwikkelinge in die vakgebied.

Ongelukkig neem hierdie drie die Suid-Afrikaanse situasie (vgl hierbo) nie konsekwent in ag nie. Veral Vorster en Lategan was die afgelope twintig jaar so onlosmaaklik deel van die gesprek, en albei het so 'n enorme bydrae tot die progressie in die vakgebied gelewer, dat hulle swye oor hierdie stukkie verlede jammer is. Konsekwente inagneming van ons omstandighede kon ook hulle resultate beïnvloed het. Byvoorbeeld: sou Vorster se vraag in verband met 'n post-kritiese paradigma anders beantwoord gewees het indien hy meer op die Suid-Afrikaanse konteks gefokus het? In een opsig vertoon hierdie drie bydraes tog die plaaslike invloed: die worsteling met die historiese kritiek. Sedert die ontwikkelinge aan die begin van die sewentigerjare het die Nuwe-Testamentiese wetenskap hier te lande tog 'n sterk a-historiese lyn vertoon. Historiese vrae is verwaarloos en soms selfs as oorbodig beskou. Weinig navorsers kon die historiese-kritiese metode met gemak hanteer, en die insigte daarvan is met agterdog bejeën. Een rede vir die onderbeklemtoning van die historiese is die absolute vertrouwe wat in die "immanente metode" gestel is. So maklik kon die historiese kritiek egter ook nie een kant toe gestoot word nie. Trouens, hierdie spook teister tot vandag toe die Suid-

Afrikaanse Ou- en Nuwe-Testamentiese wetenskap. Dit is daarom nie verniet dat veral Vorster en Lategan, maar ook Van Aarde, hulle bydraes wy aan die bepaling van die plek van historiese vrae nie. Interessant is die Kuhnianse insigte wat aangewend word om die situasie te beskryf.

W S Vorster: op weg na 'n post-kritiese wetenskap

Die afgelope twintig jaar het Vorster voortdurend teen 'n onkritiese navolging van die historiese kritiek betoog. Dit was hoegenaamd nie 'n fundamentalistiese vermyding daarvan nie, maar eerder 'n frustrasie met die mankement en die leemtes daarvan. Anders gestel: alhoewel Vorster die historiese kritiek nooit verwerp het nie, het hy dit voortdurend aan skerp kritiek onderwerp.<sup>5</sup> Hy erken die dominerende invloed van die historiese kritiek op die Nuwe-Testamentiese wetenskap van die afgelope eeu en wil die belangrike insigte ook nie misken nie. Maar dan merk hy ook op dat die Nuwe Testament al hoe meer vanuit 'n sosiologiese, feministiese, literêre, materialistiese en psigologiese gesigshoek benader word. Vorster wonder dan oor hoe hierdie ontwikkeling verstaan moet word: is dit 'n heraanpassing van die histories-kritiese metode of dui dit op iets meer ingrypends? Sy antwoord is: "The point I wish to make is that New Testament scholarship is heading for a new paradigm, that is towards a post-critical science".<sup>6</sup>

Om hierdie standpunt te staaf, leun Vorster sterk op die Kuhnianse model. Hy noem hierdie model "informative", "not unimportant" en "an interesting framework".<sup>7</sup> Daar is veral drie aspekte van die model wat hy aanwend om te verduidelik en te beskryf wat in die Nuwe-Testamentiese wetenskap gaande is:<sup>8</sup>

Die begrip "paradigma". Vorster bedoel daarmee die verstaansraamwerk waarbinne probleme geïdentifiseer en oplossings aan die hand gedoen word.

Die manier waarop veranderinge en groei in die wetenskap plaasvind. 'n Pre-paradigmatiese fase gaan normale wetenskapsbeoefening vooraf en laasgenoemde kan ook weer vanweë anomalieë ingrypend verander word. 'n Belangrike kenmerk van normale wetenskap is dat die beoefenaars daarvan almal dieselfde opleiding en oortuiging deel asook dieselfde vakprobleme identifiseer en ook die ondersoek daarvan bepaal.

Die noue verband tussen persepsie en waarneming of wêreldbeskouing en wetenskapsbeoefening. 'n Rewolusie vind in die wetenskappe plaas wanneer die wêreldbeskouing verander en ou probleme op 'n nuwe en 'n ander manier betrag word.

Met behulp van hierdie aspekte "verdeel" Vorster die Nuwe-Testamentiese wetenskap in twee basiese fases: die era van die histories-kritiese paradigma en die "huidige" ontwikkelinge. Vir langer as 'n eeu was die historiese kritiek die algemeen-aanvaarde en algemeen-geldende raamwerk waarin probleme beskryf en oplossings gesoek is. Hierdie paradigma was verder ook op 'n bepaalde beskouing van die werklikheid en die wêreld gegrond: die wêreld is meganisties betrag waarvolgens die afsonderlike dele groot klem ontvang het; op 'n analitiese wyse is die onderskeie dele van die werklikheid ondersoek en verklaar. Hierdie wêreldbeskouing het ook die gangbare teksbeskouing radikaal beïnvloed: 'n teks is analities ontleed, met die klem op die afsonderlike dele. 'n Nuwe-Testamentikus se taak was histories van aard: die lang groeiproses van die teks moes nagevors en beskryf, en die oorspronklike outeursbedoeling bepaal word.<sup>9</sup>

Alhoewel die historiese kritiek mettertyd die normale wetenskap geword het, het anomalieë talle daartoe gedwing om na nuwe oplossings vir ou probleme te soek. Onderliggend hieraan is 'n verandering in die wêreldbeeld: die eenheid van die werklikheid in plaas van die afsonderlike dele, daarvan, is nou beklemtoon. Teksteoretici het aan hierdie veranderde wêreldbeskouing uitdrukking gegee deur op die eenheid van die teks te fokus.

*Text has become a totally different reality than it used to be .... The initial changes were brought about by text theories influenced by structural and structuralist views which entered New Testament science .... That is how the idea was promoted that texts should be seen in their entirety, and as signs in a system of signs of communication, or even as a network of signifiers .... In short, the phenomenon *text* received a totally new epistemological status.<sup>10</sup>*

Met behulp van Kuhnianse insigte kon Vorster dus nie net die gebeure binne die Nuwe-Testamentiese wetenskap identifiseer nie, maar dit ook verstaan en beskryf. Met die Kuhnianse bril kon hy gestalte gee aan die veran-

deringe en ontwikkelinge wat onder die Nuwe Testamenteici aan die gebeur is. Veral met betrekking tot teksbeskouing bestaan daar aanduidings "of a change of paradigm in New Testament science". Hierdie nuwe het nog nie volledig te voorskyn getree nie. Slegs die anomalieë van die ou benadering (historiese kritiek) is nog sigbaar. Daarom: "we are *still* in a pre-paradigmatic phase" (Vorster 1988:39 my kursivering). Wat gebeur, is dat "New Testament scholarship is *heading* for a new paradigm".<sup>11</sup>

Op 'n baie belangrike saak moet ons wys: 'n beweging na 'n post-(histories-) kritiese fase word bespeur, máár dit impliseer geensins die einde van historiese arbeid nie. Vorster het nog altyd uitdruklik verklaar dat historiese bemoeienis onontbeerlik is. In die lig van bogenoemde moet dit net anders geskied. 'n Besigwees met die verlede impliseer nie noodwendig die aanwending van die historiese-kritiese metode nie. Sosiologiese en antropologiese insigte is vir Vorster van groter waarde. Die klem val ook nie meer op die rekonstruksie van 'n konteks om teksontstaan en -groei te verduidelik nie. Historiese ondersoek moet, volgens Vorster, eerder lei tot die konstruksie van sosiale sisteme wat teksbetekenis belig; historiese interpretasies moet eerder op sosio-historiese en sosiale betekenisstisteme fokus; *bruta facta*, of mense van vlees en bloed, staan nie meer in die sentrum nie, "but the relationships of meaning between 'facts', deeds and persons". Vorster merk dan ook tereg op: "This involves a *new* look at history as science".<sup>12</sup> Miskien sou Vorster juis wou sê dit is progressie. Indien wel, word die aard van die nuwe (in vergelyking met die oue) nie belig nie.

### B C Lategan: akkommodering van die diakroniese

Lategan het ook oor die huidige stand van die Nuwe-Testamentiese wetenskap besin en ook met groot vrug die Kuhnianse model ter verklaring en beskrywing aangewend. Vir hom is dit 'n "powerful metaphor" om die skielike verandering in die konseptualisering van probleme asook van die voorgestelde oplossings te beskryf. Dit is interessant dat Vorster en Lategan klaarblyklik die stand van die Nuwe-Testamentiese wetenskap verskillend lees en daarom ook verskillende fasette van die Kuhnianse model aanwend. Vorster sien 'n beweging na 'n post-kritiese wetenskap terwyl Lategan beweer "the historical-critical method is alive and well and is practised all over the world".<sup>13</sup>

In sy bydrae word die historiese kritiek en die immanente lees van die Nuwe Testament onder die loep geneem. Vele Nuwe-Testamenteici (ook in Suid-Afrika) maak dikwels van 'n post-historiese, post-kritiese en post-

moderne Nuwe-Testamentiese wetenskap gewag. Verwagtings is nog steeds hoog dat die "structuralist paradigm" die histories-kritiese metode heeltemal sal vervang. Sinkronie word skerp teenoor diakronie gestel en eersgenoemde "was to be an obvious superior choice". Hierdie oorskakeling, asook die uitskakeling van die historiese kritiek, het egter nie plaasgevind nie. Trouens, wanneer die belangrikste teologiese en eksegetiese tydskrifte deurgeblaai word, blyk dat die historiese kritiek nog stewig in die saal sit.<sup>14</sup>

'n Totale wegbreek na 'n post-histories-kritiese Nuwe-Testamentiese wetenskap is dus nog lank nie in sig nie. Lategan meen daar is spesifieke redes hiervoor. Een is die vorming van skooldenke en die invloed daarvan op die bestending van 'n bepaalde paradigma. 'n Ander rede is die sosiale dimensie van wetenskapsbeoefening en die groep van geleerdes se inspraak. 'n Baie belangrike rede is egter die onvolledigheid van die alternatiewe paradigma wat tot geen wesenlike verandering kan lei nie. Dít is 'n uiters waardevolle opmerking vir ons situasie. 'n Verwyseling van paradigma vind slegs plaas wanneer iemand se denkwêreld kreatief getransformeer word sodat hy die werklikheid en sy probleme nuut en anders gaan verstaan. Lategan waarsku daarom tereg teen 'n oorhaastige en kunsmatige samevoeging van verskillende modelle wat dan as alternatief op 'n bestaande paradigma aangebied word. En dit is juis waarom die historiese kritiek nog nie vir 'n meer "immanente" of strukturele lees verruil kon word nie: belangrike elemente van die oue is nie met die nuwe geïntegreer nie. Voorstanders van 'n sinkroniese benadering mag dit ontken. Hulle sou met reg beweer dat die diakroniese dimensie tog verdiskonteer word. Natuurlik is dit korrek, maar Lategan se belangrike punt is dat dit nie tot 'n integrale eenheid verweef is nie. Gevolglik word progressie op die metodologiese vlak belemmer.<sup>15</sup>

'n Alternatiewe paradigma kan slegs ontstaan wanneer alle dimensies van 'n teks in een model geïntegreer word. Weer eens baie belangrik is die drie basiese dimensies van 'n teks wat hy onderskei: die historiese, strukturele en teologiese. Die Nuwe Testament het 'n historiese dimensie omdat dit in die geskiedenis ontstaan en gegroei het; die strukturele dimensie word op die linguïstiese sowel as die literêre vlak van die teks vertoon; die teologiese aspek van die teks is nie 'n byvoegsel nie, maar vorm 'n onlosmaaklike deel van teksstudie. Enige metode wat die historiese kritiek wil vervang, sal al drie hierdie aspekte van 'n teks moet verdiskonteer. Eers wanneer dit gebeur, word die ou paradigma vervang en is daar van progressie sprake.



A convincing exegetical paradigm has to account adequately for all these dimensions .... Attempts to integrate these aspects in a single paradigm were less successful. Neither the *existence* nor the *importance* of other dimensions were denied by the different approaches, but an *all-encompassing paradigm seems to elude exegetes*.<sup>16</sup>

Die waarde van Lategan se opmerkings vir ons situasie kan moeilik oorskat word. Hy het die lastigheid van 'n keuse vir of teen die geskiedenis tot 'n groot mate verminder. Hy het perspektief verleen aan die gangbare oorskatting van die nuwe ('n immanente lees) en die geringskatting van die oue (historiese kritiek). Alles het 'n plek en 'n funksie binne 'n geïntegreerde geheel. Lategan se werk (asook dié van Rousseau<sup>17</sup>) dui op belangrike vordering binne die Suid-Afrikaanse Bybelwetenskap wetenskap.

A G van Aarde: toleransie van die diakroniese

Van Aarde worstel ook met die historiese kritiek. Dit word geensins uitgefaseer of ontmoedig nie. By Van Aarde word die histories-kritiese metode getolereer. Hierdie toleransie is die gevolg van sy spesifieke holistiese benadering. Binne sy beskouing van die holisme is daar nie net plek vir die historiese kritiek nie, maar word dit ook geduld. Hierdie gesigspunt van Van Aarde is belangrik en open inderdaad nuwe moontlikhede. Hy beskryf sy benadering nie volledig nie, maar die volgende fasette kom aan die lig:

- \* Van Aarde se holistiese benadering is sterk sosiologies gekoppel, want hy verbind dit nou aan die mondiale kultuur of die moderne gemeenskap. Veranderinge binne die samelewing het hiertoe aanleiding gegee: pluralisme van denke en beskouinge in die gemeenskap en die Christendom het ontstaan én die ontmoeting van die wêreld-godsdienste, asook die sekularisasieproses, het 'n ingrypende invloed uitgeoefen. Oor God en mens word nou radikaal anders gepraat. En slegs 'n holistiese benadering kan hierdie veelkantigheid van die moderne samelewing verdiskonteer.<sup>18</sup>
- \* Wat in die samelewing gebeur, beïnvloed ook die lees en verstaan van die Bybel. Eksegetiese pluralisme kan dus nie los van die mondiale kultuur gesien word nie: soos die gemeenskap deur pluralisme geken-

merk word, so word die Nuwe Testament deur 'n verskeidenheid brille gelees.

- \* Soos wat 'n holistiese benadering die moderne samelewing die beste kan dien, is dit ook met die Bybelwetenskap gesteld.
- \* Holisme dui volgens Van Aarde hoegenaamd nie op 'n verwisseling van paradigma nie. Die deel-geheel-konsep wat so kenmerkend van die historiese kritiek is, is ook eie aan holisme. Hy omskryf hierdie konsep met behulp van verskillende uitdrukkings: "duality of part-whole", "two-term part-whole", "dual-division part-whole", "binary fission of part-and-whole".<sup>19</sup> Volgens die historiese-kritiese benadering bestaan 'n teks uit dele wat saam 'n eenheid vorm. Hierdie kernfaset van die historiese kritiek is nie wesenlik deur die holistiese benadering verander nie. Trouens, die tweedeling "deel-geheel" is ook onlosmaaklik aan 'n holistiese teksbeskouing verbonde. Holisme is hoogstens pre-paradigmaties en dalk op pad na 'n fase van normale wetenskap.<sup>20</sup>
- \* Baie interessant: geen paradigmaverwisseling het plaasgevind nie, maar tog is daar progressie. Van Aarde se vooruitgang moet los van 'n paradigma gesien word. En die kern daarvan? *Toleransie* ten opsigte van die verskillende benaderings: "I argue that toleration for different viewpoints by scientists is *perhaps the most progressive feature of the present stage ... Advance can also exist in the toleration for plurality as such*".<sup>21</sup> Pluraliteit van eksegetiese metodes word nie veroordeel nie, maar geduld; geen lang stryd meer oor die historiese kritiek nie, want binne 'n bepaalde raamwerk word dit getolereer. Dit is egter belangrik om daarvan kennis te neem dat Van Aarde wel histories wil werk, maar dan soos Vorster.<sup>22</sup>

In al drie gevalle het ons die gebruik van "paradigma" en "progressie" aan die hand van die historiese kritiek geïllustreer. Die beskrywende waarde van die Kuhniaanse model blyk sonder meer. Alhoewel verskille in die hantering van die model mag bestaan en die huidige stand van die vak verskillend verstaan is, het hierdie drie geleerdes met behulp van Kuhn verhelderende opmerkings oor die Nuwe-Testamentiese wetenskap gemaak.

#### D Riglyne vir 'n toekomsgepresk

*Paradigms* verskaf belangrike riglyne vir enige gesprek oor die toekoms van die teologie in 'n nuwe Suid-Afrika. Belangrike verstellings is nodig en hiervoor kan hierdie werk as basiese uitgangspunt dien. Die waarde daarvan vir

die toekoms gesprek sal uiteraard verskillend beoordeel word. Iemand se sosiale konteks sal onder andere bepalend wees vir die wyse waarop hy die boek sal verstaan. Vir my is die volgende belangrik:

- 1 Geen teologie kan meer sonder grondige *wetenskapsteoretiese* of filosofiese nadenke beoefen word nie. *Paradigms* gee oorvloedige getuie van die waarde van hierdie soort onderneming vir die teologie. Ongelukkig word teoretiese refleksie nie altyd na waarde geag nie. Smit se opmerkings in verband met sistematiese teoloë is ook van die wye teologiese spektrum waar:

There is, at least within the circles of systematic theology, not nearly the same surge of interest in methodological issues. New philosophies of science are scarcely taken note of. Even the important methodological work done locally by other scholars, e.g. in Old and New Testament, shows little effect on systematic theology.<sup>23</sup>

- 2 In aansluiting by hierdie aanhaling: wie nog die Bybel vir teologiese doeleindes wil aanwend, kan die *navorsing van Suid-Afrikaanse Bybelwetenskaplikes* nie meer *ignoreer* nie. Hierbo is iets van die vordering asook die voortgaande gesprek vermeld. 'n Bepaalde tradisie in die Bybelwetenskap het ontstaan wat voor 1971 eintlik nie bestaan het nie. Weer eens, uiters belangrike werk is voor hierdie datum deur individue gelewer en hulle verdien ons ewige dank. Maar vir die eerste keer in die Suid-Afrikaanse teologiese geskiedenis bestaan daar nou 'n bepaalde denk- of wetenskaplike tradisie wat deur 'n groot groep geleerdes gedeel en ook doelbewus gekoester en verstewig word. En die teoloë van die nuwe Suid-Afrika sal arm wees indien hulle dit verontagsaam.
- 3 Die ander kant van bogenoemde munt is die vermyding van *Bybelse fundamentalisme*. In 'n belangrike bydrae het J N Vorster die aard en die ontstaan van Bybelse fundamentalisme belig. Betekenisvol is sy beskrywing daarvan as 'n reaksieverskynsel teen die historiese kritiek. Talle konserwatiewe Amerikaanse Christene het aan die begin van hierdie eeu die historiese kritiek as 'n ernstige bedreiging beleef. Hulle het mettertyd 'n verenigde front gevorm en is "fundamentaliste" genoem. Hier te lande kom Bybelse fundamentalisme in verskillende gestaltes voor en is dik-

wels ook 'n reaksie teen die historiese kritiek. Alhoewel laasgenoemde in Suid-Afrika nog geen vaste voet verkry het nie, het sy spook al groot amok veroorsaak. Talle het gemeen 'n immanente benadering tot die Skrif sal die historiese kritiek vervang, maar so maklik het dit nie gebeur nie. Soos die armes sal die historiese kritiek (metode, resultate, insigte) nog lank by ons wees. En 'n Bybels-fundamentalistiese benadering vererger sake, want die eintlike probleme word gesystap, die navorsingsresultate geïgnoreer en 'n eensydige siening van die Skrif en waarheid ontwikkel.<sup>24</sup> Bybelse fundamentalisme is 'n vorm van ghetto-teologie.

- 4 Hierdie punt sluit ook weer by die vorige aan: wetenskaplike besigwees is 'n *sosiale aangeleentheid*. Teologie en waarheid, paradigma en progressie is verbonde aan 'n bepaalde groep. Hierdie gemeenskap van wetenskaplikes of teoloë vorm 'n geslote kring: almal het basies dieselfde skoling by dieselfde akademiese instellings deurloop, lees dieselfde vaktydskrifte, woon dieselfde vakkongresse by, deel dieselfde akademiese waardes. Hierdie groepe bepaal ook wat bestudeer kan word, hoe dit moet plaasvind en wat as waar en geldig beskou kan word. Waarheid is daarom altyd aan 'n bepaalde groep gekoppel; dit is 'n waarheid wat vir een groep geld, maar nie noodwendig vir 'n ander nie.

One does not always realize *the impact* of the *scientific circle* on science because too little attention is paid to the *social dimension* of science .... Even though the aim of any science should be the search for truth and veracity, one has to be aware of *the impact of the social dimension of science* on the scientific profession.<sup>25</sup>

- 5 *Teologiese eensydigheid* moet vermy word. Hiermee word bedoel dat één waarheid tot die status van enigste waarheid verhef word. Hierdie waarheid staan dan bo alle verdenking, word aan geen toetsing onderwerp nie en dien as vastepunt waarvan alle ander teologiese waarhede afgelei kan word. In 'n bydrae oor "foundationalism" of "Epistemological Fundamentalism" het Mouton en Pauw insiggewend oor die filosofiese grondslae van hierdie soort denkrigting geskryf.<sup>26</sup> Dit berus op die volgende aansprake:

- \* Alle kennis kan in basiese proposisies en nie-basiese-proposisies verdeel word.

- \* Die waarheid en die geldigheid van nie-basiese proposisies berus op die waarheid van basiese proposisies.
- \* Basiese proposisies is nie afgelei nie, is bo alle twyfel verhef, en kan daarom die basis van alle kennis vorm.

Bogenoemde aansprake kan ook "teologies" aangepas word:

- \* Teologiese kennis kan in basiese en nie-basiese proposisies verdeel word.
- \* Die waarheid en geldigheid van nie-basiese teologiese proposisies berus op basiese proposisies
- \* Basiese teologiese proposisies is onweerlegbare en vanselfsprekende waarhede.

Vaste grondslae vir ons kennis bestaan dus en daarom is vaste waarhede moontlik. Hierdie denkstyl is aanloklik, maar tog ook gevaarlik. Om algemeen geldige waarhede te formuleer wat oral, altyd en deur almal aanvaar sal word, is byna onmoontlik. Basiese proposisies is nie vanselfsprekend nie en verskillende mense sal verskillende onweerlegbare waarhede identifiseer. Geen eenstemmigheid bestaan ook oor die hoeveelheid bewysmateriaal wat tot die absolute waarheid van 'n proposisie kan lei nie. 'n Basiese proposisie is ook nooit iets apart nie, maar is in 'n bepaalde konteks ingebed en vorm deel van 'n netwerk van teorieë.

Simon Maimela se bydrae is 'n tipiese voorbeeld van 'n eensydigheid wat ons moet vermy.<sup>27</sup> Daar is twee basiese proposisies in sy artikel: een staan met die geskiedenis en die ander met die Bybel in verband. Die verlede word in 'n onbuigbare raamwerk vasgevang waarin wittes die groot onderdrukkers en swartes enduit die lydende party is. Uit hierdie onveranderlike en vaste interpretasie vloei 'n belangrike afleiding voort: die huidige samelewing bestaan uit onderdrukkers (wittes), wat godsdiens en teologie vir eie doeleindes aanwend, asook onderdrukte (swartes). Die ander basiese proposisie is op die Bybel gegrond: God is die bevryder wat die stryd ten gunste van die verdrukte aanknoop. Aan die hand van hierdie onweerlegbare vastepunt maak Maimela sekere afleidings in verband met die swart onderdrukte. Maimela werk dus met onbuigbare groothede en waarhede waarmee hy die verlede, hede en toekoms interpreteer. Anders gestel: sy waarhede in verband met die geskiedenis en die Bybel reduceer die werklikheid oneindig veel. In die

lig van alles hierbo moet ons hierdie teologie van vele sekerhede tolereer, maar nie navolg nie.

- 6 Dit is ook belangrik om die *aard van teologiese uitsprake te verstaan*. Du Plessis<sup>28</sup> het hierdie probleem aan die hand van die begrippe "deduktief" en "induktief" belig. Vooraf eers iets oor die term "argument". Om te argumenteer, is om redes of gronde vir 'n bepaalde saak aan te voer. So 'n argument bestaan uit 'n premisse en 'n konklusie. Die geldigheid van 'n argument veronderstel dat die konklusie uit die premisse voortvloei. Argumente kan ook weer in twee groepe verdeel word: deduktief en induktief. In die geval van deduktiewe argumente is die konklusie waar as die premisse waar is. Die premisse verskaf dus afdoende gronde vir die konklusie. Met induktiewe argumente is dit anders gesteld: die konklusie volg nie noodwendig op die premisse nie. Laasgenoemde steun slegs die konklusie met bewyse, en daarom is die konklusie slegs waarskynlik.

In die teologie word induktief en nie deduktief te werk gegaan nie. Slegs by deduktiewe argumente kan 'n basiese proposisie of 'n geldige premisse tot 'n geldige nie-basiese proposisie of konklusie lei. En die "waarhede" wat hier ter sprake is, is logies en nie feitelik waar nie. Aangesien teoloë en Bybelgeleerdes 'n induktiewe benadering volg, is onweerlegbare konklusies onmoontlik en word hoogstens met waarskynlikhede gewerk. Hierdie tentatiewe aard van teologiese bemoënis moet ons eerder tot groter nederigheid stem. Du Plessis stel dit soos volg:

*As Biblical scholars we are participants in a very tentative discipline .... Recognizing the frailty of our discipline and the disastrous consequences when this is forgotten may cause the deepest despair, or it may entice us to a more free and light-hearted, "dancing", theology .... Be that as it may, it seems as if scholars of the New (and Old) Testaments can no longer afford to ignore the issues of methodology of research, especially that of inductive reasoning. Is it not high time that such a course becomes compulsory in our curricula?*<sup>29</sup>

E Slot

Die eersvolgende jare is beslissend vir 'n nuwe Suid-Afrika. Radikale veran-

derings gaan plaasvind en ons teologie gaan nie onaangeraak bly nie. 'n Tydperk van teologiese onsekerheid mag selfs ontstaan. In alle gevalle moet by ons bestaande teologiese tradisies (vgl hierbo) aangesluit word en moet foute van die verlede vermy word. En hierin kan *Paradigms and progress in theology* as belangrike basis en gids dien.

## Notas

- 1 J Mouton, A G van Aarde & W Vorster, *Paradigms and progress in theology*, Pretoria 1988.
- 2 W S Vorster, "Moderne linguistiek en Bybelnavorsing", *Theologia Evangelica* IV/2 (1971), 139--148.
- 3 J W V van Huyssteen, *Teologie as kritiese geloofsverantwoording*, Pretoria 1986.
- 4 Vgl F E Deist, "Prophet and society in transition", in: J Mouton, A G van Aarde & W Vorster, *Paradigms and progress in theology*, Pretoria 1988, 344--346.
- 5 W S Vorster, "Towards a post-critical paradigm: progress in New Testament scholarship", in: J Mouton, A G van Aarde & W Vorster, *Paradigms and progress in theology*, Pretoria 1988, 40.
- 6 Vorster, *a w*, 33.
- 7 Vorster, *a w*, 32,34.
- 8 Vorster, *a w*,33.
- 9 Vorster, *a w*, 34, 35, 37.
- 10 Vorster, *a w*, 37.
- 11 Vorster, *a w*, 39,31.
- 12 Vorster, *a w*, 41.
- 13 B C Lategan, "Why so few converts to new paradigma in theology", in: J Mouton, A G van Aarde & W Vorster, *Paradigms and progress in theology*, Pretoria 1988, 66.
- 14 Lategan, *a w*, 67.
- 15 Lategan, *a w*, 68.

- 16 Lategan, *a w*, 68.
- 17 J Rousseau, "The Bible, communication and reality: Paradigms and our struggle for a cosmological perspective", in: J Mouton, A G van Aarde & W S Vorster, *Paradigms and progress in theology*, Pretoria 1988, 409-422.
- 18 A G van Aarde, "Historical criticism and holism: Heading toward a new paradigm?", in: J Mouton, A G van Aarde & W S Vorster, *Paradigms and progress in theology*, Pretoria 1988, 52, 53.
- 19 Van Aarde, *a w*, 50, 56, 58, 59.
- 20 Van Aarde, *a w*, 57, 58.
- 21 Van Aarde, *a w*, 49, 51, 52.
- 22 Van Aarde, *a w*, 56, 57.
- 23 D Smit, "Theology as a critical account of personal faith", in: J Mouton, A G van Aarde & W S Vorster, *Paradigms and progress in theology*, Pretoria 1988, 98.
- 24 J N Vorster, "The use of Scripture in fundamentalism", in: J Mouton, A G van Aarde & W S Vorster, *Paradigms and progress in theology*, Pretoria 1988, 155-173.
- 25 Vorster, *a w*, 42.
- 26 J Mouton & J C Pauw, "Foundationalism and fundamentalism: A critique", in: J Mouton, A G van Aarde & W S Vorster, *Paradigms and progress in theology*, Pretoria 1988, 176-186.
- 27 S Maimela, "Doing theology in South Africa after the Kairos document", in: J Mouton, A G van Aarde & W S Vorster, *Paradigms and progress in theology*, Pretoria 1988, 321-333.
- 28 J G du Plessis, "Mark's priority: The nature and structure of the argument from order", in: J Mouton, A G van Aarde & W S Vorster, *Paradigms and progress in theology*, Pretoria 1988, 295-300.
- 29 Du Plessis, *a w*, 306-307.